Privaatsak X2038
OBERHOLZER
2502

Tel.: (018) 787 4171
Faks: (018) 787 4172

Webtuiste adres:
www.laerskooldagbreek.co.za

Laerskool Dagbreek

GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

OMSENDBRIEF 11/2018 **23 April 2018**

Geagte Ouers

1. Carletonville Kunsfees 2018

Belangrike inligting oor die Carletonville Kunsfees:

Uitvoerende kunste: Sluitingsdatum van inskrywings – 17 Junie 2018

Beoordelingsdatums:

Engels :	30 Julie tot 8 Augustus
Afrikaans:	13 tot 18 Augustus
Sang en instrumente:	20 tot 24 Augustus
Dans:	25 Augustus

Kreatiewe kuns: Sluitingsdatum van inskrywings – 27 Augustus 2018

Beoordeling van kunsstukke:	28 en 29 Augustus
Besigtiging van kunsstukke:	30 en 31 Augustus van 14:00 tot 18:00
Oorhandiging van medaljes en trofees:	31 Augustus om 18:00
Afhaal van kunsstukke:	31 Augustus om 18:30

Individuele inskrywings:	R30
Groep tot en met 20 lede:	R120
Groepe meer as 20 lede:	R180

Toegang by die deure is R5 per toeskouer

2. Buitemuurse aktiwiteite

Baie dankie vir al die leerders en afrigters wat baie hard werk in al die buitemuurse aktiwiteite. Daar is alreeds in 2018 vroeg begin met die oefeninge. Al die harde werk word baie waardeer.

Geluk met die mooi prestasies in die volgende sportsoorte:

Netbal:
- Mini-netbal (Woensdag, 18 April)
- Al die spanne teen Westfields Primary
- Al die netbalspanne wat op Maragon gespeel het. Geluk aan die 1ste span wat Maragon gewen het en die o/10A span wat Helderkruin gewen het.

Rugby:
- Welpie rugby (Saterdag, 21 April)
- Al die spanne wat teen Muldersdrift gespeel het. Geluk aan die o/10, o/11 en 1ste spanne wat gewen het.

Baie dankie aan die mini-netbal dogters en afrigters wat Saterdag, 21 April 'n kliniek bygewoon het.

Op kulturele gebied word daar ook baie hard geoefen.

3. Skoolvakansies

Die volgende dae is vakansiedae:

Vrydag, 27 April – Vryheidsdag
Maandag, 30 April – Skoolvakansiedag
Dinsdag, 1 Mei – Werkersdag

4. Skooldrag

Van die Drimacs wat by die klerewinkel gekoop is, se ritssluiters gee probleme. Indien u enige probleme ondervind, kan u die baadjie terugstuur, gemerk met die leerder se naam. Daar word aandag aan die probleem gegee. Terwyl die drimacs herstel word, mag die leerders 'n ander warm baadjie aantrek.

5. Opedae

Onthou asseblief van die Graad 1 opedag (24 April) en Graad R opedag (25 April). Ons kan dit nie meer beklemtoon hoe belangrik dit is dat die Graad R en 1 leerders registreer en dat al die ander leerders sal herregistreer nie.

6. Personeel

Baie geluk aan die volgende personeel se verjaarsdae. Ons wens u as skool 'n baie mooi jaar toe.

- Sondag, 29 April - Me. Naomi Ludick
- Woensdag, 2 Mei - Me. Ronel Correia
- Saterdag, 5 Mei - Me. Jo-Anne Kirsten
- Donderdag, 10 Mei - Me. Anette de Beer

7. Skoolfonds

Baie dankie aan al die ouers wat getrou skoolfonds betaal. Ons maak staat op die gereelde, getroue betaling van fondse. Indien u agterstallig is in die betaling van skoolfonds, wil ons u vriendelik versoek om die bedrag voor die lang naweek te vereffen.

8. <u>Ouerbetrokkenheid is onontbeerlik</u>

Ons leef in 'n samelewing wat baie hoë eise aan ons almal stel. Maar ons hoef nie sulke hoë eise aan ons kinders te stel nie. Voorskoolse kinders hoef nie in die middae dramaklasse, rekenaarklasse, ballet-, kuns- en spraakklasse by te woon nie.

Kinders kan baie leer, sonder dat 'n sent spandeer hoef te word. Gesels met jou kind terwyl julle ry. "Hoeveel blou karre kan jy tel?" "Watter boom is die hoogste?" Ons weet dat kinders nie duur speelgoed nodig het nie, maar ouers hou aan met koop.

Laat jou kind rondswaai en nie net op die rekenaar speel nie. Dis belangrik om op alle vlakke te ontwikkel. Suksesvolle leerprosesse kan nie plaasvind as grootspierontwikkeling nie voltooi is nie.

Wat wel baie belangrik is, is dat ouers moet seker maak hul kinders is skoolgereed op emosionele- en sosiale vlak vir die skool.

Vriendelike groete

P v Heerden

Mnr. P.W. van Heerden
Hoof